

13 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 5:12-26

Jesus maak jou bowenal van sónde vry

In elke wonder wat Jesus gedoen het, het iets van sy Messiasskap en Seunskap geskitter. Daarom was elke wonder in wese ook 'n mikro belewenis van die nuwe aarde waar God volkome sal regeer en waar geen teken van die gebrokenheid meer sal wees nie.

In die twee wonders van Lukas 5:12-26 dring Jesus deur tot die **sonde** as diepste **oorsaak van die gebrokenheid**. Melaatsheid word in die Ou Testament beskryf as 'n ongeneeslike en dodelike siekte wat 'n regstreekse straf op 'n bepaalde sonde is. Wie melaats is, is eintlik lewend dood deur die sonde – tot Christus hom reinig. Wanneer Jesus dus sy hand uitsteek en die man genees (5:13), gee Hy 'n kragtige boodskap deur van sowel sy begeerte as sy vermoë om mense van sonde te reinig. In sy daaropvolgende ontmoeting met die verlamde man in Kapernaüm dring Jesus deur tot die man se diepste nood as Hy vir hom sê: “Mens, jou **sondes** is jou vergewe” (vers 20). Eers daarná genees hy hom ook liggaamlik as sigbare bewys van sy volmag om as Seun van God sondes op aarde te vergewe (vers 24).

Met hierdie optrede het Jesus Hom duidelik openbaar as die ware Messias wat nie net gekom het om mense van liggaamlike lyding te verlos nie, maar bowenal om hulle van sondelyding te verlos. In hierdie twee wonderwerke word duidelik aangetoon dat Jesus die rykdomme van sy koninkryk graag deel met mense wat met opregte geloof na Hom soek. Sowel die melaatse man as die kreupele en sy vier vriende het met oorgawe gesoek – soos later ook Saggeus. Nie een van hulle is met leë hande weggestuur nie. Soek jy die Here met volkome toewyding in alles wat jy doen? En is jy die naam “vriend” werd deurdat jy jou geestelik kreupel vriende met hulle sondeprobleme na Jesus toe bring?

Sing: Psalm 103:1,2

Ds JJ Cloete (Koster)